# Lesing 27.02.2018 - Die Antichris DEEL 1

GJE BOEK 6:150 [22] Kyk na die Fariseërs! Hulle is louter gedwonge skyngelowiges; in hulle harte glo hulle heeltemal niks nie en doen hulle alles wat hulle maar wil.

[23] Pas daarom goed op, wanneer julle weer in My Naam opvolgers vir julle sal kies, dat julle ten eerste absoluut niemand daartoe dwing nie, en ten tweede niemand aanneem, wanneer jy al van ver af kan sien dat hy vanweë tydelike belang, julle amp sou wil aanvaar nie.

[24] Julle sal wel daarop moet let, maar tog sal daar ontelbare van hierdie soort julle werk gaan doen, ten dele deur dwang van buite af en ten dele deur die vooruitsig om in die amp `n goeie en sorglose versorging te vind. Maar diesulkes sal almal deur My by die leër van die Antichris gereken word, en hulle werke sal by Elohim in `n bose geur staan en lyk soos `n stinkende kadawer.

[25] Waarlik, Ek sê vir julle: Al julle opvolgers, wat nie deur My nie, maar slegs deur mense, in bepaalde wêreldse skole tot julle ampsopvolging voorberei is, sal Ek nie ag nie; want slegs die Antichris sal sy leerlinge so geskik maak.

[26] Diegene by wie julle egter die hande sal oplê en wie julle sal doop in My Naam, sal vervul word met My Gees; want hulle is ook die wat Ekself altyd as julle opvolgers uitkies en met die waaragtige gawe van My Gees bevestig.

[27] Maar in latere tye sal daar maar baie weinig daarvan wees, omdat die Antichris sy aanhang te veel sal uitbrei; wanneer hy egter sal meen dat hy die allerhoogste in die wêreld is, sal hy ook vir altyd tot `n val gebring word! - Het julle dit nou goed en duidelik in julle opgeneem?'

Die kenmerke van die Antichris

GJE BOEK 6:151 Daarop sê Johannes, My liefling: 'Meester, dan loon dit nouliks om, ter wille van die dom mense, soveel moeite te doen! Want as U helder lewenslig, wat U nou aan die mense gegee het, al so gou weer verduister gaan word deur die moeite van die Satan, wat altyd met sukses bekroon word, laat hy die mense dan maar kry soos wat hulle nou is, heeltemal ryp vir sy helse wêreldryk. Waarom moet hierdie mense dan nou eers met U lewenslig begenadig word?! Waarlik, as die vrugte van U goddelike leer so daaruit sal sien, beteken dit wel - as mens vernaamlik die wêreldse mense in U leer sou wou onderrig – dat alle swyne van die wêreld U lewenspêrels as doodgewone voedsel sal verwerp! Gee hulle gladnie die edel stof nie, dan kan hulle dit ook nie bederf en verontreinig nie!'

[2] Ek sê: 'Ja, My vriend, vir die mense wat nie daarin sal glo nie, en dit terwille van wêreldse gewin alles wat hulle oor My leer hoor, ook nog sal vervals, word die lewensleer ook nie deur My gegee nie; want vir die verdere, moontlike ontwikkeling van die siele van sulke mense, het Ek nog eindeloos baie groot skole in die hele oneindigheid.

[3] Ek gee hierdie leer slegs vir My ware kinders op hierdie aarde, en vir hulle geld ook die ware verlossing van die ewige dood. Hulle sal hierdie leer steeds suiwer hou en sal hulle nooit oorgee aan die mag van die wêreldbedrog nie, maar rotsvas aan die ewige lewenswaarheid vashou.

[4] Wat is ons aan alle wêreldse mense geleë? Ook hulle is die geleentheid gegee om hulle in die ry van die kinders van Elohim te skaar. Ag hulle dit ernstig, dan sal hulle op geen enkele wyse daarin gehinder word nie, - en as hulle dit nie wil doen nie, laat hulle dan doen wat hulle wil, en julle hoef julle dan ook nie oor hulle te bekommer nie!

[5] Kyk, so staan die saak daaroor! Want Ek het nie gekom om moontlikerwys die wêreld van haar ou boeie van die oordeel te bevry nie, maar slegs om My kinders te bevry van die wêreld en haar oordeel. En soos wat Ek dit nou doen, sal ook julle en julle opvolgers dit in die vervolg doen.

[6] Wat daar op hierdie aarde in en volgens My orde bevry kan word, dit bevry julle ook, en wat julle so sal bevry, sal ook dadelik by My in die hemel bevry wees; wat egter nie te bevry is nie, laat dit gebonde bly, of wanneer iemand julle bevryding nie die moeite werd vind nie, laat hom dan in sy boeie en bind hom, sodat hy julle nie lastig kan val nie, - en waarlik, Ek sê vir julle, ook vir My in die hemel sal hy gebonde wees en baie lank `n slaaf van sy duistere wêreldse wil bly! - Kyk, so staan dit daarmee!'

[7] Johannes sê verder: 'Maar hoe kan ons sulke duistere antichristene herken? Want ek besef nou wel baie goed dat U leer deur baie aangegryp sal word, en by name deur die talle towenaars, om hulle toorkunste daarmee op te sier. O, vertel ons ook van bepaalde kenmerke, sodat ons hulle gou kan herken en dan dadelik kan bestry!'

[8] Ek sê: 'Julle sal hulle baie maklik aan hulle dade herken! Want op dorings groei geen druiwe en op distels geen vye nie. Wie iets gee en nog meer daarvoor wil terughê, is beslis geen leerling van My nie! Want sien, Ek gee alles vir Myne, uiteindelik selfs die lewe van My liggaam, en Ek neem van niemand daarvoor `n wêreldse offer aan nie, maar Ek wil slegs dat die mens My bo alles liefhet, sodat Ek hom dan nog eindeloos baie meer en baie groter dinge kan gee.